**20 Mei**
**Skrifgedeelte: 1 Samuel 25**
**Fokusgedeelte: 1 Samuel 25:9-25**

**Vredemakers!**

Ons kry in hierdie hoofstuk twee besondere karaktersketse: van Nabal en sy vrou Abigail. Hulle staan in ‘n skerp kontras teenoor mekaar. Nabal is `n ryk man met `n harde hart. Hy is wat sy naam beteken – “`n dwaas”. Hy kon dalk dwaas geword het omdat hy lewenslank spot verduur het as gevolg van sy naam. Toe besluit hy: "Ek sal almal wys!" Die Bybel leer ons wat dwaasheid is, byvoorbeeld in Psalm 14 en Jesaja 32. Oral dui dit op skelm optrede, onheilstigting, afgodsdiens, hardvogtigheid, gierigheid en leuens. Sonde is dwaasheid. Dawid het alle reg gehad om vriendelikheid van Nabal te verwag. Hy het Nabal se veewagters beskerm en kan nou na die skeertyd gasvryheid verwag. Nabal se reaksie is egter: "Wie is Dawid…?" Hier is net nog `n droster! As Dawid manne stuur om Nabal te straf, lees ons van Abigail se wyse optrede waardeur sy verhoed dat Dawid onnodig bloed vergiet. `n Ware gelowige is `n edele mens en gehoorsaam aan God se wil. Hy sal vergeld waar dit moet, maar sal ook optree met die wysheid van Abigail. Sy herinner Dawid daaraan dat as Nabal God nie behaag nie, sal sy pad self op ondergang afstuur. Dawid herken in haar `n geesgenoot en besef: God kyk verby die uiterlike en seën wyse optrede. So het Christus ons ook geleer: "Salig is die vredemakers." Hierdie gedeelte laat ons ook kyk wat daar binne-in ons is: vrede of weerbarstigheid, rustige oorleg of oorhaastigheid? Watter kenmerk sien die wêreld in my lewe ?
*Ds HT de Villiers (Pretoria)*